

RAAD

GELD- SAKE



HOE SORG EK DAT ALBEI MY KINDERS BAAT VIND UIT MY HUIS?

Deur **LETITIA WATSON**

'N LESER van Bellville en sy vrou wil hul huis aan hul een kind bemaak, maar wil terselfdertyd hê die erfgenaam moet dan 'n uitbetaling aan hul ander kind maak. "Hoe kan ons

dit op 'n eenvoudige en maklike manier verseker? Moet ons 'n kontrak opstel? Sal daar enige oordragkoste wees om die eiendom in die erfgenaam se naam oor te dra?" Charl Marais van Marais Law Inc Attorneys verskaf die antwoorde.

WENK

Hereregte word nie in boedeloordragte betaal nie omdat dit nie 'n eiendomsaankoop is nie.

KRY JOU TESTAMENT REG

Geen spesiale kontrak is hiervoor nodig nie.

Jy kan in jou testament bepaal dat kind A die huis erf op voorwaarde dat 'n sekere bedrag aan kind B betaal word.

Die huis se waarde sal waarskynlik toeneem tussen nou en wanneer die laaste ouer sterf.

Jy kan byvoorbeeld:

■ nou al op 'n vasgestelde bedrag besluit wat A aan B moet oorbetal; of

■ opdrag gee dat 'n persentasie van die huis se waarde aan B oorbetal word.

In die laasgenoemde geval sal die eksekuteur van die boedel die bedrag volgens die jongste waardasie van die huis bereken.

Die ouers kan nie nou al in die testament 'n vaste waarde aan die eiendom heg nie, byvoorbeeld deur nou al in die testament te skryf dat die huis R2 miljoen werd is.

V

WAT AS KIND A NIE DIE GELD HET OM B TE BETAAL NIE?

A

Jul plan as ouers sal dan nie werk nie, want die huis sal eers in A se naam geregistreer moet wees voor hulle byvoorbeeld 'n lening daarteen kan uitneem om B te betaal – en dit kan lank duur. Oorweeg dalk die volgende:

■ As julle genoeg ander bates of kontant in die boedel het – gelyk aan die uitbetaling wat julle voel kind B moet kry – laat bloot die huis aan A en die res aan B.

■ As jou of jou eggenoot se lewenspolis dieselfde waarde het as die uitbetaling wat julle vir B verlang kan julle B as die begunstigde van die lewenspolis benoem – so bly die opbrengs van die polis ook buite die boedel, wat 'n besparing op boedelbelasting kan beteken.

Gesels met iemand met spesialis kennis oor boedelbeplanning. Hy kan die nodige somme doen en julle help om 'n testament op te stel wat jul wense sal uitstippel.

V

WATTER KOSTE SAL DAAR WEES?

A

Daar sal oordragkoste wees elke keer wanneer iemand anders die huis erf. Wanneer

die eerste ouer sterf, sal sy of haar halwe aandeel in die eiendom aan die ander ouer oorgedra moet word. Wanneer die laaste ouer sterf en die huis word aan kind A oorgedra, sal daar weer oordragkoste wees – dit sal afhang van die waarde van die eiendom in daardie stadium. Dit werk op die glyskaal van voorgeskrewe fooie.

■ Daar is ook kleiner, veranderlike koste wat betaal sal moet word, soos fisa-fooie en posgeld aan die oordragprokureur. Voorts word ak-

tekantoorfooie gehef om 'n oordrag te registreer. Dit werk ook op 'n glyskaal wat styg hoe dunder die eiendom word.

■ Nog uitgawes is byvoorbeeld die munisipale belasting wat vooruitbetaal moet word om munisipale uitklaring te kry voor die eiendom oorgedra mag word. As daar genoeg geld in die boedel is, kan die koste van die oordragprokureurs deur die boedel betaal word. As daar nie genoeg is nie, sal die erfgenaam óf die tekort self moet inbetaal óf die eksekuteur sal van die boedelbates moet verkoop. Die ander erfgename sal eers daartoe moet instem.

V

WANNEER IS JOU HUIS EINDELIK JOU ERFGENAAM S'N?

A

Die hele boedelberedderingsproses en registrasie van oordrag in die aktekan-
toor moet eers voltooi word voor die huis wetlik jou kind s'n is. Dit beteken die boedel sal eers deur die boedel se eksekuteur by die meester van die hooggeregshof aangemeld word. Die eksekuteur versamel dan inligting oor die oorledene se bates en laste; dus alles wat

die oorledene besit het (bates) en wat hy dalk skuld (laste).

Dan sit hy alles uiteen in 'n dokument wat in regsterme 'n likwidasië-en-distribusierekening genoem word. Hy dui ook daarin aan wat volgens die testament met die bates moet gebeur.

Daardie rekening word vir goedkeuring na die meester gestuur en eers daarna kan die eksekuteur jou bates verdeel – ook jou huis soos jy bepaal het.

**KRY
NOG
RAAD**

■ Prokureurs: www.lawsoc.co.za; www.lssa.org.za
■ Boedels: www.fisa.net.za
■ Adviseurs: www.fpi.co.za